# WAGTE OP DIE MURE

NUUSBRIEF VAN DIE VAN ZYL'S

Jan 2023

"Ek het wagte op jou mure uitgesit Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat hy Jerusalem herstel het, totdat hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het (Jes 62:6-7).

Nie anders as ander jare nie, het 2023 met wilde vaart begin en weer sal ons moet klou om aan boord te bly. Maar dit gaan ook weer 'n jaar wees vol unieke uitdagings wat wag om ontdek te word. My gebed is dat jy elkeen van hierdie uitdagings met ywer sal aanpak in die voetspore van ons Leidsman.

**Binnelandse werk**

Behalwe vir die geleentheid wat ek het om by getuieniswerk in die buiteland betrokke te wees, behels my gebedsbediening dat ek heelwat werk hier op eie bodem doen. Op die manier het die Vader my pad met dierbare mense in ons eie land laat kruis. Hierdie gebedsbediening het my ook met heelwat gemeentes in kontak gebring wat deur die jare by my werk betrokke geraak het. Hier dink ek veral aan George-Suid, Oudtshoorn-Wes, Brandwag en selfs so ver as Clarence in die Vrystaat. Dan is daar natuurlik my 4 sturende gemeentes nl. Reebok, Mosselbaai-Moeder, Albertinia en Suider-Strand. Ek het deur die jare met my besoeke aan gemeentes baie geleer oor die gemeentelike bediening. Saam met my kollegas het ons iewers langs die pad dan ook begin droom oor 'n dissipelskapreis in ons eie gemeente, Reebok. Ons is baie opgewonde dat na baie gebed, dink en beplanning ons Sondag 22 Januarie 2023 afskop met so 'n reis. Mag dit 'n verskil in baie mense se lewens maak om daagliks as getroue getuies te lewe en iets met ander te deel van die kosbaarste skat wat enige mens in die wêreld kan besit.

Verder bied ek die naweek van 27-29 Januarie 'n herlewingskonferensie in die Overberg aan. Dit is die 100-jarige herdenking van die herlewing op Malagas wat 'n geweldige invloed op daardie omgewing gehad het. Ds Tobie de Wet van die Japan-sending wat daar groot geword het, het reeds baie jare die visie om so 'n konferensie aan te bied en ons is dankbaar dat hy dit kon reël, kort voordat hy weer Japan toe vertrek.

**Buitelands (Suid-Soedan)**

Ek is DV op 9 Februarie 2023 weer op pad Suid-Soedan toe. Daar is soveel omstandighede wat die situasie in Korabiat (naby Kenia- en Uganda-grense) waar ek werk beïnvloed. Die oorlog sleep voort in verskillende dele van die land en Covid het ook nie gehelp om die bediening makliker te maak nie. Die gevolg is dat die opleiding tans glad nie op 'n formele vlak voortgaan nie. Ek gaan met my besoek vanjaar poog om 3 van my studente wat weens die oorlog nie hul studies kon voltooi nie, te help om die laaste modules af te handel sodat hulle in gemeentes bevestig kan word.

Ook beplan ek om vir dominees wat reeds in gemeentes is ’n kort kursus in homiletiek te gaan aanbied en hulle te voorsien van materiaal wat hulle sal help om die buitengewone werkslas in terme van prediking in die groot aantal gemeentetjies te verlig. Ons beplan ook om DV ’n bou-projek wat lankal sloer, te gaan afhandel in die tyd wat ek daar sal wees.

**Gesin**

Alternatiewe vorme van energie is tans in die brandpunt van gesprekke op feitlik alle fronte in ons land. Jané wat navorsing doen vir Mainstream, juis so ’n maatskappy in Kaapstad wat fokus op alternatiewe vorme van energie, hou haar ouers mooi op hoogte van al die moets en moenies van hierdie natuurlike vorme van kragopwekking. Dan is ons baie trots op Jacobus wat pas op Stellenbosch graad gekry het. Hy begin vanjaar met voltydse getuieniswerk waar hy die media, veral video inspan om die Evangelie te verkondig. Hy noem sy aksie “Media with a Mission”. Ons is saam met hom opgewonde oor die weg wat die Vader met hom inslaan. Christoff is steeds op Stellenbosch besig met sy studies en sal sy broer saam met wie hy ’n woonstel gedeel het mis in die nuwe jaar.

**Dankie vir**:

My reisdokumente vir Suid-Soedan. Dis jaarliks die grootste uitdaging en ek het dit reeds in my hand! So dankbaar.

**Gebedsversoeke:**

Vir die toerustingswerk met studente en predikante in Korabiat.
Bou-projek by Bybelskool in Korabiat.
Veilige reis tot in Torit en daarna bos toe tot in Korabiat.
Veilige bewaring teen siektes, veral malaria.

Baie dankie vir elkeen se voortgaande ondersteuning vir die bediening.

Kobus, Liezl, Jané, Jacobus en Christoff.